



# November 2025

INHOUDSOPGAWE

Oordenking……………………….…………1-2
Uit die Voorsitter se pen…………………..3-4
Redaksie…………………………………......5
Seniorburger blad ………….....……....…6-7
Bestuursinligting……………………..........8-9
Voogdelys…………...……………….…....10
Lief en leed……………………...…....…11
Kampnuus Bush Inn 100+ / Nas..........…12-17
Kampnuus Sionbergh Kongres............…18-24
Kampnuus Kerskamp Bloekompoort...…25-35
Verjaarsdae & Huweliksherdenkings…...36-37
Jeug vermaak…………….………………38
Kampresep………...…………................39-40
Uit die natuur……………………...…....41-42
Jeug Brag blad.…………………….........43-48
Smoushoekie………………...……...…...49
Jaarprogram………...…………......……..50

Jaargang 52 Nr. 2




# Oordenking

## ***Waaroor gaan Kersfees regtig?***


Skrifgedeelte:

***"Die Engel het hulle gerusgestel: "Moenie bang wees nie!" het hy gesê. "Ek bring vir julle goeie nuus wat groot blydskap vir almal inhou!" (Lukas2:10)***

"Season's Greetings." Ons sien hierdie woord nou in elke tweede winkel. Kersfeeskaartjies en teksboodskappe basuin dit uit. Kersfees gaan immers oor vreugde en vrolikheid. Verskillende mense het hierdie tyd van die jaar verskillende redes tot vreugde, maar as navolgers van Jesus het ons hierdie tyd van die jaar 'n baie spesiale rede vir ons soort vreugde. Ons vind ons feesvreugde in Jesus self. Jesus is die inhoud van ons fees. Ons dra sy feesklere. Ons vier fees rondom sy koms.



In hierdie dae kuier vriende en families oral saam. Ons doen dit ook graag. Nogtans weet ons dit gaan eerste oor Jesus. Hy is die eregas en die gasheer by elke kuier en by elke ete. In al ons gesprekke en gebede eer ons Hom as ons Heer en Verlosser. Ons herinner ons opnuut aan die rede vir sy koms na ons toe. Dit is immers die rede hoekom ons hierdie tyd as so 'n geseënde tyd ervaar. Dit is hoekom ons opnuut hoor hoe die engele in Lukas 2:10–11 bokant Betlehem sing. Ons weet die Redder is gebore in die stad van Dawid. Dit is Jesus Christus, die Here. Ons sing hierdie woorde opnuut en uit volle bors saam, terwyl ons die Kerstyd feestelik binnestap.




*( Bron [https://maroelamedia.co.za/goeiegoed/stiltetyd/gedagte-vir-die-dag-waaroor-gaan-kersfees-regtig/](https://maroelamedia.co.za/goeiegoed/stiltetyd/gedagte-vir-die-dag-waaroor-gaan-kersfees-regtig/) )*



## Uit die Voorsitter se pen

Dagsê Suikerbosranders. Daar was nie baie lief die afgelope tyd nie, maar ons moet vir Lionel en Mynah Randall geluk wens. Hulle het nog ‘n agter kleinkind ryker geword. Daar is ook ‘n bietjie leed, Jackie het ‘n rug operasie gehad. Sy sterk aan by die huis, dit gaan elke dag bietjie beter. Oom Hans Janse van Vuuren gaan in vir ‘n breuk operasie, ons bid vir hom alle sterkte toe. Daar was ook van ons lede wat siek was, maar dit gaan beter met almal.

Ons het nie veel kampe gehad die afgelope paar maande nie. Ons het die Nasionaal en 100+, wat gehou was by Bush Inn, ‘n paar van ons Suikerbosranders het die kamp bygewoon. Dit was ‘n baie lekker kamp gewees. Ons het Saterdag lekker saamgekuier. Daar was ook ‘n kamp by Sionbergh. ‘n Paar van ons het dit ook bygewoon waar ons die kongres virtueel gehou het, iets heeltemal anders. Die grondwet het heelwat verander. Ek sal later terug voering daaroor gee. Die lede gelde is met R25 verhoog.

Die afsluitings kamp kon ek en Jackie ongelukkig nie bywoon nie weens haar rug operasie. Die lede wat wel gekamp het, het vir my terugvoering gegee en hulle sê dit was ‘n baie lekker kamp, daar was lekker saamgekuier. Dankie aan almal wat die kamp bygewoon het.

Ek wil graag vir Johnny en Maggie asook Mariette, wat in Ierland gaan vakansie hou, ‘n veilige reis toewens. Julle moet dit geniet saam met die familie. Dit is baie kosbaar.

Ons eerste kamp vir 2026 is by Bloekompoort in Januarie. Dit is wanneer ons weer die Burgemeesters paar vir 2026 inhuldig. Ek nooi almal om saam te kom kamp en die jaar begin met ‘n lekker kuier.

Vriende Kersfees is om die draai. Vir die wat vakansie gaan hou of net vir familie gaan kuier, julle moet baie versigtig op die paaie wees en ‘n



veilige rit hê. Almal is haastig om by hulle bestemming te kom en raak ongeduldig en roekeloos, dis wanneer daar ongelukke kom.

Ek en Jackie wil vir al ons lede en hulle gesinne ‘n baie geseënde Kersfees en ‘n voorspoedige nuwe jaar toewens.

Mag ons HEMELSE VADER ons behoed en bewaar en SY hand van beskerming oor almal van ons hou oor die feestyd, ons moet nie vergeet waaroor Kersfees gaan nie.

Tot ons volgende kamp

Virgie





# Redaksie

Goeie dag vriende

Baie dankie dat julle die redaksie gehelp het deur die jaar met foto's en dat julle stories met ons gedeel het.
Ons het nodig dat julle dit volgende jaar weer doen, asb.

Die redaksie wil graag uit ons hart vir elkeen 'n baie geseënde Kersfees toe wens en mag die nuwe jaar net goeie dinge in hou.
Pas julle mooi op tot ons weer kamp.

Johnny en Margaret







# Senior burger Blad

So breek ons einde van die jaar Senior burger kamp aan. Ons is dankbaar teen oor ons hemelse Vader dat Hy ons elkeen geseën, gedra dag vir dag en gespaar het. "Voetspore" die dag stukkie waar ons lees net 2 rye spore: God se Genade en Liefde en ons kan net sê: "Dankie Heer!"

Die oggend (12 Nov) ry ons Bloekompoort in en bewonder die skoon netjiese park. Is eerste daar sedert ons begin kamp het in 1982 – die eerste woonwa in die kamp; 'n oomblik se stilte; voël gesang; die Bloekom takke wat waai en 'n gevoel van vrede, rus en stilte. Ai heerlik voel soos 'n vakansie!

Dàniel en Paula saam met hul klein kinders, Stefan en Elizabeth sluit by ons aan, so ook Pieter en Betie en 'n groot verrassing Dries en Martie. Heerlik om hulle te sien. Gou kry elkeen sy "nessie" reg, eet ietsie, drink koffie en toe begin die kuier!

Donderdag vroeg arriveer Elize van Heerden en so deur die dag beweeg ons lapa toe by die swembad – heerlike geselskap, lekker lag, ruil stories uit, eet, drink goedjies, wat 'n vrolike kuier. Dankie julle. Net wat elkeen nodig gehad het. Die aand braai almal saam by Bettie se huisie en die ete gaan voort en kuier heerlik tot laat. Jammer Dries jou 7 uur bed toe gaan het heelwat later gekom, gekuier soos in die ou dae! Vrydagoggend breek aan en die naweek begin – Johnny en Mags begroet ons vroeg, waarna oom Phillip en Ans volg en 'n groter kuier vat vlam.

Dankie vriende, die batterye is weer gelaai. Nie eers die ligte stormpie en reën kon enige vrolikheid demp nie. Mag dit goed gaan, voorspoed en seën op elkeen se pad.

Geseënde Kersfees en voorspoedige nuwe jaar vir 2026, Bid jul elkeen

liefde en Genade van ons Vader toe!

Senior Groete

Jooste en Elize

NS: Jammer die ander Seniors kon nie kamp nie, mis julle.
Vertrou om julle in Januarie 2026 te sien.





**Streeksvoorsitter**
**Virgie Lavos**



Posbus 13160
**Geduld**, 1562
011 813 2734 (H)
082 557 7095 (S)
virgie@tiscali.co.za

**Sekretaris**
**Jackie Lavos**



Posbus 13160
**Geduld**, 1562
011 813 2734 (H)
083 448 5831 (S))
lavosjackie@gmail.com

**Ondervoorsitter**
**Johnny Randall**



Liebenberg Straat 22
**Heidelberg** 1441
084 580 8729 (S)
john.randall@absamail.co.za

**Redaksie**
**Margaret Randall**



Liebenberg Straat 22
**Heidelberg** 1441
072 766 7025 (S)
mags.randall@yahoo.com

**Voorraad**
**Jooste Potgieter**



Eagle Straat 173
Montanapark
**Pretoria**
078 877 6658 (S)
potgieterjooste@hotmail.com

**Penningmeester**
**Elize Potgieter**



Eagle Straat 173
Montanapark
**Pretoria**
083 417 3820 (S)
elizepotgieter@webmail.org.za



# Voogdelys

***Virgie en Jackie Lavos***

Hennie en Loret Oosthuyzen
Gert en Petro Vosloo
Hans en Irma Janse Van Vuuren

***Jooste en Elize Potgieter***

Elize van Heerden
Philip en Hettie Horn
Dániel en Paula van Deventer
Phillip en Ans Opperman
Pieter en Bettie Branken
Mike en Margaret van der Riet

***Johnny en Margaret Randall***

Adriaan en El-Marie Erasmus
Lionel en Mynah Randall
Mariëtte van Rooyen
Daleen Viljoen

# Lief en Leed

## Leed



Jackie Lavos het ‘n rug operasie ondergaan en sterk tans tuis aan..
Pieter Branken se gesondheid het ook agteruit gegaan en sit tans in ‘n rolstoel.
Mike van der Riet se wond aan sy been word nie mooi gesond nie.

*Ons dink aan elkeen in die tyd wat siek en operasies ondergaan het, en bid vir spoedige herstel. RED,*

## Lief



Lionel en Mynah Randall het twee agter klein kinders ryker geword.
Elize van Heerden het Ere Lidmaatskap verwerf.

*Baie geluk aan oupa en ouma groot, En tannie Elize wat ‘n groot eer. RED,*





# Kampnuus

### 110 + en Nasionale kamp te Bush Inn

### 26 – 28 September 2025

Die Randall ’s en Lavosse se woonwaens staan al gereed, toe die Sawanante begin opdaag vir die 100+/Nasionale kamp. Jannie en Alet is kampkommandante en ‘n mooi groepie Sawanante het opgedaag en is lus vir kamp.

Vrydagaand het Michelle Pretorius van Elandsrand die boekevat hanteer en almal het by hul woonwaens kos gemaak en tot laat om die kamp vure gekuier.

Saterdagoggend na boekevat is ontbyt gemaak en die res van die dag rustig verkeer en gekuier. Agter middag word daar geskarrel na die lapa om die Springbok rugby te kyk op die groot skerm. Daarna is lekker saam gebraai. Alet het pap en sous en slaai voorsien. Jannie en Alet bied ‘n program aan rondom die 100+. Philip en Hettie Horn is aangewys as die laagste lid nommer teenwoordig vir die naweek. Quintin en Amanda Verster van streek Rietfontein was die embrio’s vir die naweek. (dit was hulle 2de kamp). Leon Delport, streek Vaalrivier was amper die baba van die naweek, met 99 kampe. Koos en Elize Boshof van Vaalrivier was die amptelike babas, 100+ Kampe bygewoon.
Die res van die aand het Jannie musiek gemaak en daar is gedans tot laat.

Sondag na ontbyt en die erediens begin die oord leeg loop.

Wat ‘n lekker naweek .

Dankie Jannie en Alet.

Redaksie



*Michelle Pretorius van Elandsrand hou die boekevat Vrydagaand*



*Daar word reg geskuif Saterdagmiddag vir die Rugby*





*Die Rugby was op 'n groot skerm vertoon*



*En so waar, daar wen die Bokke weer !!!!*



*Hettie en Philip Horn word aangewys as die lede met die laagste Lid nommer teenwoordig op die kamp*



*Quintin en Amanda Verster van streek Rietfontein was die embrio's vir die naweek met hul 2 de saamtrek*





*Leon Delport streek Vaalrivier was amper die baba van die naweek, met 99 kampe*



*Koos en Elize Boshof van Vaalrivier was die amptelike babas van die naweek*



*Lekker kuier die Saterdagaand*




*Die kampkommandante vir die naweek*

100 +



# Kampnuus

## Kongres Sionbergh

## 10 – 12 Oktober 2025

Dis weer tyd vir die Kongres en hierdie jaar gaan dit heelwat anders wees as waaraan ons gewoond is. Almal in SAWA kon die kamp bywoon en Johnny, Virgie en Adriaan het Suikerbosrand verteenwoordig. Daar word heelwat reën voorspel vir die naweek, maar ons gaan lekker kamp.

Vrydagaand sorg elkeen vir sy eie aandete en tot laat word gekuier om die vuur. Dit is waaroor kamp gaan.

Saterdagoggend tree ons aan vir die eerste virtuele algemene vergadering. Hier en daar is iemand met 'n das en baadjie, nog 'n eerste vir SAWA. Die vergadering word geopen deur Magdaleen Viljoen en Niel Goslett lei die vergadering. Jannie het 'n groot skerm op gesit en almal kan hul insette ook lewer. Dit word ook onder ons aandag gebring dat SAWA vandag 56 jaar oud is. Nadat elke punt noukeurig hanteer is word vergadering afgesluit. Ons kuier in die skadu's van die bome tot dit tyd is om die braaivleis vure aan te steek. Ons kom in die saal bymekaar waar die toekennings uitgedeel word en SAWA man en vrou van die jaar word aan gewys. Baie geluk Magda De Villiers van Rietfontein en Hendri Frick van Albatros. Die res van die aand eet en kuier ons tot die reën ons uit mekaar jaag.

Sondagoggend word ons wakker met reën op die woonwa se dak. Te lekker. Daar word gou ontbyt gemaak. Waarna ons aan beweeg na die kerkie vir die erediens, dit word deur Jannie Meyer gely en so ook die afsluiting daarna.

Te gou is die naweek verby en daar word opgepak en almal keer huiswaarts. En sien uit na volgende jaar se kongres.

Tot volgende keer.

Redaksie.



Magdaleen Viljoen open die vergadering met Skriflesing en gebed





Die afgevaardigdes is gereed vir die vergadering



Suikerbosrand ook op hul pos



Die vergadering gesien van uit die hoogte



Die afgevaardigdes



*Hendri Frick van Streek Albetros is die SAWA Man van die jaar*






*Magda De Villiers van Streek Rietfontein is die SAWA Vrou van die jaar*

*Saterdagaand lekker gebraai en kuier met groep dans van brawe manne*









*Sondagoggend erediens en afsluiting*



*Die kampkommandante vir die naweek*

# Kampnuus

## Kerskamp Bloekompoort

## 14 – 16 November 2025

Die jaar het behoorlik verby gesnel. Dit is tyd vir die lekkerste kamp van die jaar. Ons kers kamp. Die beplannings en reëlings het ‘n paar maande terug al begin en hier is ons nou. Dit is ‘n klein groepie Suikerbosranders wat braaf genoeg is om te kom kamp, want die weerburo voorspel baie reën vir die naweek. Die naweek skop af met lekker hoender burgers waarna Johnny vir ons ‘n animasie film wys oor geboorte van Christus op die TV in die saal. Natuurlik is daar tyd vir kuier om die vuur. (Sonder die gebruiklike laat aand wors – braai). Tot laat het ons gesit en kuier, tot slaaptyd toe.

Saterdagoggend kyk ons weer ‘n kort animasie film in die saal. Na boekevat word daar so bietjie formaliteite af gehandel, deur om vir Elize van Heerden haar welverdiende erelidmaatskap te oorhandig. Baie geluk tannie Elize. Na die verrigting word daar weg gespring en daar word ‘n ontbyt aan mekaar geslaan wat die monde laat water. Die res van die dag kuier ons oor en weer tot dit tyd is vir die Springbokke teen Italië. Maar eers word daar ‘n regte Rugby “Snack” tafel uit gepak, met allerhande soet en sout happies waaraan daar gepeusel kan word tydens die rugby. Daar word lekker geskreeu en geëet en op die tande gekners tydens die wedstryd, maar die bokke het gewen. “Well Done” Bokke. Later die aand het Hennie van Bloekompoort en sy span weer gesorg vir ons Kers ete en het ons nou lekker geëet en gekuier. Geskenkies is uitgeruil en die gevoel van Kersfees het ons behoorlik gepak. Kersfees liedjies is gesing en daar is na musiek geluister tot laat die aand. Intussen het dit begin reën en dit het die hele nag deur gereën.

Sondagoggend reën dit nog steeds en alles is pap sop nat. Ons kom bymekaar in die saal vir die tradisionele Bloekompoort ontbyt, en



weereens was ons nie teleurgesteld nie, danksy Hennie en sy span. Met vol maggies het ons na die erediens geluister wat ook weer op sy beurt ‘n inspirerende boodskap was, dit ons gelos met groot nadenke. ‘n Vinnig afsluiting volg na die ontbyt en die meeste mense groet somer daar want almal is maar van plan of vroeg huis toe te gaan weens die reën.

Dankie aan elkeen wat die naweek saam met ons nog ‘n onvergeetlike Kers kamp gemaak het.

‘n Geseënde Kersfees en ‘n voorspoedige 2026 word elkeen toegewens.

Tot volgende jaar.

Veilig wees.

Johnny en Maggie



*Die kampkommandante vir die naweek*



Johnny en Jooste hard besig om die hoender "patties" gaar te maak



Elkeen bou sy eie burger





Dries en Pieter wag geduldig vir hulle burgers

Die drie dames, Bettie, Elize en Martie besig om die burgers aan mekaar te sit





*Hennie en Loret ook reg vir aandete*



*CJ, TP en Mariëtte wag ook geduldig hul beurt af*





*Die twee manne Jooste en Phillip wag in spanning om bedien te word*



*Saterdagoggend boekevat*





*Elize van Heerden ontvang haar erelidmaatskap*



*Lekker ontbyt pan*



*Daar word so sit-sit ontbyt gemaak deur Phillip*





*Hennie en Loret reg vir ontbyt*

Die “Snack Tafel





Die Bokke Bo!!!





Kersete 2025





*Die Senior burger kampkommandante vir die naweek*
*Jooste en Elize*



*Jooste die MamPara vir die naweek*






# Verjaarsdae

## Desember

10 Desember Johnny Randall
17 Desember Jooste Potgieter

## Januarie

20 Januarie Philip Horn
27 Januarie CJ van Rooyen

## Februarie

5 Februarie Margaret van der Riet
9 Februarie Mynah Randall
12 Februarie Jackie Lavos
20 Februarie Margaret Randall



# Huweliksherdenking

## November

26 November Phillip en Ans Opperman
29 November Johnny en Margaret Randall

## Desember

7 Desember Bertie en Wilma Herbst
14 Desember Mike en Margaret van der Riet

## Januarie

5 Januarie Virgie en Jackie Lavos
11 Januarie Adriaan en El-Marie Erasmus
26 Januarie Gert en Petro Vosloo






# Jeug vermaak



*(Bron*: https://www.churchofjesuschrist.org/media/image/nativity-coloring-page )

# Uit die Kombuis

## *Koeksisters resep*

**Bestanddele**

*2 Koppies meelblom*

*1 Dessertlepel bakpoeier (12.5 ml)*

*1 Dessertlepel suiker (12.5 ml)*

*1 Dessertlepel botter (12.5 ml)*

*1 Eier*

*Knippie sout*

*¾ Koppie melk*

*Olie vir gaarmaak*

## Voorbereiding

Vryf die botter met die vingerpunte in die meel in, gooi dan die bakpoeier en suiker by. Maak aan met melk waarin die eier geklits is. Meng goed en laat rus die deeg. (uur of langer as jy tyd het).
Rol die deeg uit, sny en vleg. Moenie deeg te veel hanteer en rek nie.
Bak in warm olie tot ligbruin.

*STROOP:*

4 Koppies suiker

2 Koppies water

1 Eetlepel goue stroop



Knippie wynsteensuur

Kook die bestanddele saam vir 5 min en dompel die warm koeksisters in die warm stroop. Haal uit en laat koud word voor bediening. Bere in die vrieskas en bedien yskoud.

Kan ook bietjie suurlemoensap by die stroop sit nadat dit klaar gekook het, om die soet te breek. Begin maar by so 30 ml en proe. Moenie te veel in sit nie.



(Bron: *Voortrekker Resepte Boeke* )

# Uit die Natuur

## Afrikaanse Kwartel

**Grootte**: Lengte 17cm

Gewig 100g

**Kleur**: Bruin bo, met wit strepe en donker gevlek; onderkant vaal geel; mannetjie het duidelike bruin – en – wit gesig patroon en swart streep in die middel van die keel; wyfie het donker strepe op bors.

**Meeste soos**: Wyfie van die bontkwartel, maar minder roeskleurig onder en het nie die bruin kraag op die keel nie. Soortgelyk aan kwarteltjie,

**Habitat**: Grasveld, landerye, Karoo, Kalahari – sandveld.

**Status**: Baie algemeen, meestal intra – Afrika somer standvoël

Die deurdringende wit-wit-it roep van die Afrikaanse kwartel tydens die warm somerdae is baie bekend in die vogtige oostelike dele van Suider-Afrika. As jy deur die gras bedekte hooglande van KwaZulu-Natal of Mpumalanga loop, kan 'n plomp gestalte met wirrende vlerke dalk by jou voete opvlieg met 'n trillende skree, skree en dan weer in die gras gaan sit na 'n lae kort vlug. Al is hulle klein, is die Afrikaanse kwartel 'n gunsteling by sport skuts want hulle bied 'n goeie uitdaging en maak glo ook 'n heerlike maaltyd. Verstandige jag reëls is egter ingestel om die oorlewing van hierdie spesie te verseker. Die meeste bevolkings van Afrikaanse kwartels migreer noordwaarts na Angola en die Demokratiese Republiek van die Kongo wanneer hulle klaar gebroei het, terwyl sommige sin Suider-Afrika sal aanbly. Sommige van hierdie migrerende voëls is al ver oor die see gesien. Die voëls se dieet bestaan uit sade, knolle, blomme, slakke, insekte en geleedpotiges. Hulle slaap snags in klein broeisels op die grond. In die broeiseisoen van September tot April kan jy die mannetjies regdeur die nag hoor roep as die maan helder skyn. Die nes word goed weggesteek in digte gras, struike of



gewasse – 'n skraap in die grond wat met droë gras en klein worteltjies uitgevoer word. Daar is gewoonlik 5 – 7 eiers in 'n broeisel; hulle is liggeel en het donkerbruin vlekke of spikkels. Die wyfie broei vir 17 dae en sorg alleen vir die kuikens totdat hulle op sowaar 21 dae self kan vlieg. Die kuikens vlieg kort entjies van so vroeg as 9 dae af.

**Bron**:



(Bron: *Sunbird Dierelewe van Suider - Afrika*)

# Jeug Brag Blad



Laerskool Christiaan Beyers

Sertifikaat

Toegeken aan

Logan Lavos

Graad 6.3

Vir

Skolierpatrollie

Akademiese balkie vir persentasie bo 80%

Hertoekenning Akademiese Erekleure

Onderwyser/es | 2025 Datum | Skoolhoof





Logan Lavos het baie mooi weer presteer die jaar en hy is vereer met 'n sertifikaat vir Skolierpatrollie, Akademiese balkie vir persentasie bo 80% en die hertoekenning Akademiese Erekleure. Hy is ook verkies tot die Leerling raad vir 2026.

Baie geluk Logan jy maak verseker jou ouers en groot ouer en die hele Suikerbosrand baie, baie trots.



# Jeug Brag Blad




Diaan Erasmus is die jaar aangeneem en voorgestel in hul gemeente

Baie geluk Diaan jy lyk te smart man.



# Jeug Brag Blad



Ilze-Mariè Erasmus was die Top Presteerder in die “Bachelor of Art in Graphic Design” kursus wat sy studeer die jaar.

Baie geluk Ilze-Mariè jy maak ons almal trots. Hou so aan.



Die trotse ouers van die twee pragtige jong mense Adriaan en El-Marie Erasmus.






# Jeug Brag Blad



CJ van Rooyen is die jaar aangeneem en voorgestel in hul gemeente

Baie geluk CJ jy lyk te ook te smart man.

# Smous hoekie

Wil jy braai vanaand, maar jou houtskool of vuuraanstekers is op?
Skakel vir Dries Brandt by telefoon nommer 011 814 6394 of 083 234 9563.
Hy verkoop ook potjieprutters en potjiedekselstaanders.

------------------------

*As jy wil adverteer in die smoushoekie of enige nuus wil deel, stuur gerus 'n e-pos vir my by* mags.randall@yahoo.com



Die Suikerbekkie word uitgegee deur die Suikerbosrand streek van SAWA. Plasing van berigte, artikels of enige ander bydrae of advertensies impliseer nie dat dit noodwendig die standpunt van SAWA is nie.
Besoek gerus SAWA web werf vir meer inligting oor SAWA: http://www.sawa.org.za





# Jaarprogram 2026

| Maand | Datum | Plek | Kamp Kommandante |
|---|---|---|---|
| Januarie | 18 - 22 Snrb | Bloekompoort | |
| | 23 – 25 | Bloekompoort | |
| Februarie | | | Gebied |
| Maart | 27 – 29 | Bush Inn | |
| April | 2 - 6 | Presidente | |
| Mei | 15 - 17 | Bush Inn | |
| Junie | Geen | Geen | |
| Julie | Geen | Geen | |
| Augustus | 2- 6 Snrb | Bloekompoort | |
| | 7 – 9 | Bloekompoort AJV | |
| September | 23 - 27 | Nasionaal | |
| Oktober | 23 - 25 | Bush Inn | |
| November | 15 - 19 Snrb | Bloekompoort | |
| | 20 – 22 | Bloekompoort | Jeug |

vanBreda MOTORCYCLES

New & Pre-owned motorcycles

SUZUKI Way of Life!

BIG BOY

PIT BIKES • COMMUTERS • ATVs


Virgie Lavos

61/63 2nd Street, P.O. Box 701, Springs, 1560

Tel: 011 815 6726/7/8/9 Fax: 011 362 3773

A/H: 011 813 2734 Cell: 082 557 7095

vanbreda@netactive.co.za